Rietvallei

Kampnuus

# Bass Lake

**17 tot 19 Januarie 2025 – Streeksaamtrek**



*Bass Lake Country Lodge*

Na die Desember/Januarie vakansie het ons die nuwe jaar aangepak en by ons eerste kamp van 2025 uitgekom by Bass Lake. Een van ons duurder kampe, maar lekker naby. Ons het Donderdag daar aangekom, maar vir die dag en aand was die hele kamp net ons s'n gewees.
Bokke het sommer om ons rond geloop in die kamp.



*Frans en Stefanie Scholtz*
*Bass Lake kampkoördineerders*

Vrydag het die res van die karavane opgedaag. Teen middagete Vrydag was almal daar. Ons was maar min, slegs 7 waens maar die kuier was groot. Vrydagaand is afgeskop met 'n heerlike kerrie en rys (was maar bang vir die weer na die baie reën van einde Desember en begin Januarie). Die "Backup" pot maalvleis met die patat i.p.v. aartappel, het nogal groot aandag getrek. Later het ons boekevat gehou en bietjie gekyk wat lê in 2025 vir ons voor.
Almal het sommer lekker saam gekuier.

Die Saterdag oggend het 'n paar van ons Bass Lake se staproete aangedurf. Ons moes maar hoofsaaklik teen die heining stap, omdat die gras na die baie reën bietjie lank was.



*André, Sieg en Frans oppad.*

Daarna het ons almal saam 'n lekker straat ontbyt gemaak en gekuier. Die res van die dag het almal maar hul eie ding gedoen. Later die aand het ons die buurman braai gedoen en in twee groepe lekker saam gekuier.



*Chris en Nellie*



*Annatjie*



*Elmarie en Pieter*



*André en Wilna*

Die Sondag was 'n rusdag. Sondagboekevat was gelei deur Frans. Die tema van "Wat wag in 2025" is weer aangespreek. Na afloop van die diens, is die afsluiting afgehandel. Daarna het ons lekker gekuier met eet - en drinkgoed.

So het ons eerste kamp vir 2025 tot einde gekom en almal het huiswaarts gekeer. Al is dit 'n duurder kamp bly dit een van die baie mooier kampe en ook lekker naby sonder om tyd te spandeer op die N1 met al sy tolhekke.

So is 'n uiters suksesvolle naweek afgesluit. Van die kampkoördineerder, aan almal wat die naweek saam kom kamp het en aan al die aktiwiteite deelgeneem het, 'n hartlike dankie.

Tot 'n volgende keer, SAWA-groete!

*Frans en Stefanie*



Skakel Dalena Marx
vir
**Bioway goggagif**
en
**30 mikron swartsakke**
by
**082-415-0976**

*Advertensie*



*Bass Lake Saterdagoggend*

*Bass Lake het goeie reën gehad.*
*Kyk hoe groen is die veld*






*Advertensie*